*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 2706 | PRICE 20c PRYS | OVERSEAS 30c OORSEE | POST FREE — POSVRY | REGULASIEKOERANT No. 2706

*Registered at the Post Office as a Newspaper* | *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 162] PRETORIA, 15 DECEMBER DESEMBER 1978 No. 6244

## GOVERNMENT NOTICE

## DEPARTMENT OF SOCIAL WELFARE AND PENSIONS

No. R. 2461 15 December 1978

PROMULGATION OF REGULATIONS UNDER THE CIVIL DEFENCE ACT, 1977 (ACT 67 OF 1977)

The State President has been pleased in terms of the powers vested in him by section 9 of the Civil Defence Act, 1977 (Act 67 of 1977), to promulgate the regulations in the Schedule hereto:

SCHEDULE

"CIVIL DEFENCE REGULATIONS RELATING TO COMPENSATION FOR PHYSICAL INJURIES, DEATH AND DISABILITY

*Definitions*

1. (1) In these regulations, unless the context otherwise indicates—

(i) 'Appeal Board' means the appeal board appointed in terms of regulation 11;

(ii) 'child', in relation to a member, means an unmarried or posthumous child under the age of 18 years—

(a) who is a child for whose maintenance the member is legally responsible;

(b) who is a stepchild of such member;

(c) who has been legally adopted by such member;

(d) as well as an unmarried child over the age of 18 years who is a full-time student at a university, a college, a school or other educational institution or who, because of physical or mental disability, is unable to provide for his own maintenance and who is regularly maintained by such member;

(iii) 'civil defence service' means service performed or training undergone by a member in connection with civil defence;

(iv) 'compensation' means compensation payable in terms of these regulations;

(v) 'deceased member' means a member who died as a result of an event;

## GOEWERMENTSKENNISGEWING

## DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN EN PENSIOENE

No. R. 2461 15 Desember 1978

AFKONDIGING VAN REGULASIES KRAGTENS DIE WET OP BURGERLIKE BESKERMING, 1977 (WET 67 VAN 1977)

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 9 van die Wet op Burgerlike Beskerming, 1977 (Wet 67 van 1977), die regulasies in die Bylae hierby uit te vaardig:

BYLAE

"BURGERLIKEBESKERMINGSREGULASIES BETREFFENDE VERGOEDING VIR LIGGAAMLIKE BESERINGS, DOOD EN ONGESKIKTHEID

*Woordomskrywing*

1. (1) In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) 'afgestorwe lid' 'n lid wat as gevolg van 'n gebeurtenis gesterwe het;

(ii) 'afhanklike', met betrekking tot 'n afgestorwe lid—

(a) 'n kind;

(b) die weduwee indien ten tyde van die gebeurtenis met die lid getroud en wanneer daar geen weduwee is nie, enige vrou met wie die lid ten tyde van die gebeurtenis na die oordeel van die Sekretaris as man en vrou saamgeleef het;

(c) die wewenaar indien ten tyde van die gebeurtenis met die lid getroud en na die oordeel van die Sekretaris weens liggaamlike of geestesongeskiktheid ten volle van haar afhanklik was;

(iii) 'Appèlraad' die appèlraad wat kragtens regulasie 11 aangestel is;

(iv) 'blywende ongeskiktheid' 'n ongeskiktheid wat in regulasie 6 (2) vermeld word;

(v) 'burgerlikebeskermingsdiens' diens verrig of opleiding ondergaan deur 'n lid in verband met burgerlike beskerming;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(vi) 'dependant', in relation to a deceased member, means—

(a) a child;

(b) the widow if married to the member at the time of the event, and if there is no widow, any woman with whom the member, in the opinion of the Secretary, lived as husband and wife at the time of the event;

(c) the widower if married to the member at the time of the event and, in the opinion of the Secretary, fully dependent on her on account of physical or mental disability;

(vii) 'disability' means the temporary or permanent disability of a member caused or aggravated by an event;

(viii) 'event' means an event which resulted in the death, physical injury or disability of any member and which took place in the course of the performance of any function assigned to such a member in terms of the Act, an ordinance referred to in section 3 of the Act or an act made in terms of such an ordinance;

(ix) 'formula I', in relation to a particular member and any matter to be calculated in accordance with formula I, means—

A x B x C

in which formula—

(a) A—represents the income of the member on the date of the event which, in the case of a member whose actual income—

(i) exceeds R6 000 per annum, shall be deemed to be R5 600 per annum;

(ii) does not exceed the amount of R6 000 per annum, shall be deemed not to exceed R4 800 per annum;

(b) B—represents the percentage at which the member's disability has been determined;

(c) C—represents 0,75;

(x) 'formula II', in relation to a matter to be calculated in accordance with formula II, means—

A x C x D

in which formula—

(a) A and C respectively shall have the same meaning as A and C in the definition of formula I;

(b) D—represents 0,40:

Provided that the compensation payable in accordance with this formula shall not exceed the amount of compensation calculated in accordance with formula I, payable to the member for 100 per cent disability;

(xi) 'formula III', in relation to a matter to be calculated in accordance with formula III, means—

A x C x E

in which formula—

(a) A and C respectively shall have the same meaning as A and C in the definition of formula I;

(b) E—represents 0,20:

Provided that the compensation payable in accordance with this formula shall not exceed the amount of compensation calculated in accordance with formula I, payable to the member for 100 per cent disability;

(vi) 'die Wet' die Wet op Burgerlike Beskerming, 1977 (Wet 67 van 1977);

(vii) 'formule I' met betrekking tot 'n bepaalde lid, en 'n aangeleentheid wat ooreenkomstig formule I bereken moet word—

A x B x C

in welke formule—

(a) A—die verdienste van die lid op die datum van die gebeurtenis voorstel wat in die geval van 'n lid wie se werklike verdienste—

(i) R6 000 per jaar oorskry, geag word R5 600 per jaar te wees;

(ii) nie die bedrag van R6 000 per jaar oorskry nie, geag word hoogstens R4 800 per jaar te wees;

(b) B—die persentasie waarteen die lid se ongeskiktheid bepaal is, voorstel;

(c) C—0,75 voorstel;

(viii) 'formule II', met betrekking tot 'n aangeleentheid wat ooreenkomstig formule II bereken moet word—

A x C x D

in welke formule—

(a) A en C onderskeidelik, dieselfde betekenis het as A en C in die omskrywing van formule I;

(b) D—0,40 voorstel:

Met dien verstande dat die vergoeding betaalbaar ooreenkomstig hierdie formule nie die bedrag van die vergoeding ooreenkomstig formule I bereken wat aan die lid vir 100 persent ongeskiktheid betaalbaar is, oorskry nie;

(ix) 'formule III', met betrekking tot 'n aangeleentheid wat ooreenkomstig formule III bereken moet word—

A x C x E

in welke formule—

(a) A en C onderskeidelik, dieselfde betekenis het as A en C in die omskrywing van formule I;

(b) E—0,20 voorstel:

Met dien verstande dat die vergoeding betaalbaar ooreenkomstig hierdie formule nie die bedrag van die vergoeding ooreenkomstig formule I bereken wat aan die lid vir 100 persent ongeskiktheid betaalbaar is, oorskry nie;

(x) 'formule IV', met betrekking tot 'n aangeleentheid wat ooreenkomstig formule IV bereken moet word—

$$\frac{F \times G}{H}$$

in welke formule—

(a) F—die bedrag van R4 080 voorstel;

(b) G—die persentasie waarteen die lid se ongeskiktheid bepaal is, voorstel;

(c) H—0,30 voorstel;

(xi) 'gebeurtenis' 'n gebeurtenis wat die dood, liggaamlike besering of ongeskiktheid van 'n lid tot gevolg het en wat plaasgevind het in die loop van die verrigting van enige werksaamheid aan so 'n lid opgedra ingevolge die Wet, 'n ordonnansie in artikel 3 van die Wet vermeld of 'n wet kragtens so 'n ordonnansie gemaak;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(xii) 'formula IV', in relation to a matter to be calculated in accordance with formula IV, means—

$$\frac{F \times G}{H}$$

in which formula—

(a) F—represents the amount of R4 080;

(b) G—represents the percentage at which the member's disability has been determined;

(c) H—represents 0,30;

(xiii) 'head of civil defence' means the person who, in terms of an ordinance made under section 3 of the Act, is appointed as head of civil defence of a local authority;

(xiv) 'medical practitioner' means a person registered as such in terms of the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act 56 of 1974);

(xv) 'medical treatment' means medical, surgical or hospital treatment, professional nursing services, any special curative treatment approved by the Secretary, the supply and repair of any artificial part of the body or any device necessitated by disability and also the transportation of a member to and from his home, hospital or institution for the purpose of treatment or examination by a medical practitioner;

(xvi) 'member' means any person who in terms of an ordinance promulgated under section 3 of the Act has bound himself to undergo training in connection with civil defence and to perform service in connection therewith;

(xvii) 'Minister' means the Minister of Social Welfare and Pensions;

(xviii) 'misconduct', in relation to a member, means any action or omission which the Secretary, with due consideration to all the circumstances, regards as misconduct;

(xix) 'permanent disability' means a disability referred to in regulation 6 (2);

(xx) 'Secretary' means the Secretary for Social Welfare and Pensions;

(xxi) 'temporary disability' means the temporary inability of a member to perform his ordinary work as a result of an event in respect of which compensation is payable;

(xxii) 'the Act' means the Civil Defence Act, 1977 (Act 67 of 1977).

2. In the application of these regulations—

(i) the income of a member who has no income on the day on which the event takes place to which his claim for compensation relates, shall be deemed to be the amount which the Minister may from time to time determine after consultation with the Minister of Finance as the income of the category of persons to which the said member belongs;

(ii) civil defence service shall be deemed to have commenced on the date and at the time a member departed from his home, usual place of residence or place of employment to report for such service or training.

*Payment of compensation*

2. Subject to the other provisions of these regulations the Secretary shall, out of moneys appropriated by Parliament for this purpose, pay—

(a) compensation to members who were involved in an event;

(xii) 'geneesheer' iemand wat as sodanig kragtens die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepe, 1974 (Wet 56 van 1974), geregistreer is;

(xiii) 'geneeskundige behandeling' genees- of heelkundige of hospitaalbehandeling, deskundige verplegingsdienste, enige spesiale genesende behandeling deur die Sekretaris goedgekeur, die verskaffing en herstelling van 'n kunsmatige liggaamsdeel of toestel nodig gemaak deur ongeskiktheid en ook die vervoer van 'n lid na en van sy woning, hospitaal of inrigting vir die doel om deur 'n geneesheer behandel of ondersoek te word;

(xiv) 'hoof van burgerlike beskerming' die persoon wat ingevolge 'n ordonnansie gemaak kragtens artikel 3 van die Wet as hoof van burgerlike beskerming van 'n plaaslike bestuur aangestel is;

(xv) 'kind', met betrekking tot 'n lid, 'n ongetroude of nagebore kind onder die ouderdom van 18 jaar—

(a) wat 'n kind is vir wie se onderhoud die lid regtens aanspreeklik is;

(b) wat 'n stiefkind van die lid is;

(c) wat wettiglik deur die lid aangeneem is;

(d) asmede 'n ongetroude kind bo die ouderdom van 18 jaar wat 'n heeltydse student aan 'n universiteit, 'n kollege, 'n skool of ander opvoedkundige inrigting is of wat weens liggaamlike of geestesongeskiktheid nie in staat is om in sy eie onderhoud te voorsien nie en gereeld deur die lid onderhou word;

(xvi) 'lid' 'n persoon wat hom kragtens 'n ordonnansie uitgevaardig ingevolge artikel 3 van die Wet verbind het om opleiding in verband met burgerlike beskerming te ondergaan en diens in verband daarmee te verrig;

(xvii) 'Minister' die Minister van Volkswelsyn en Pensioene;

(xviii) 'ongeskiktheid' die tydelike of blywende ongeskiktheid van 'n lid wat deur 'n gebeurtenis veroorsaak of vererger is;

(xix) 'Sekretaris' die Sekretaris van Volkswelsyn en Pensioene;

(xx) 'tydelike ongeskiktheid' die tydelike onvermoë van 'n lid as gevolg van 'n gebeurtenis waarvoor vergoeding betaalbaar is, om sy gewone werk te verrig;

(xxi) 'vergoeding' vergoeding ingevolge hierdie regulasies betaalbaar;

(xxii) 'wangedrag', met betrekking tot 'n lid, enige handeling of versuim wat die Sekretaris met behoorlike inagneming van al die omstandighede as wangedrag beskou.

(2) By die toepassing van hierdie regulasies—

(i) word die verdienste van 'n lid wat geen verdienste het nie op die dag waarop die gebeurtenis plaasvind waarop sy eis om vergoeding betrekking het, geag die bedrag te bedra wat die Minister van tyd tot tyd na oorleg met die Minister van Finansies bepaal as die verdienste van die kategorie van persone waartoe bedoelde lid behoort;

(ii) word burgerlikebeskermingsdiens geag 'n aanvang te geneem het op die datum en tyd waarop 'n lid van sy tuiste, gewone woonplek of werkplek vertrek het om hom vir sodanige diens of opleiding aan te meld.

*Betaling van vergoeding*

2. Behoudens die ander bepalings van hierdie regulasies betaal die Sekretaris uit gelde wat die Parlement vir die doel bewillig het—

(a) vergoeding aan lede wat by 'n gebeurtenis betrokke was;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(b) compensation to dependants of deceased members;

(c) the reasonable cost of medical treatment necessitated by an event and also any medical or psychological examination in terms of these regulations;

(d) travelling, subsistence and other allowances to members who, on the instructions of the Secretary, have to appear before a medical practitioner or a medical board in connection with the determination of his disability, and also to any person who must of necessity accompany such a member;

(e) an allowance not exceeding R250 for the necessary funeral costs of a member who died as a result of an event.

*Exclusion of liability for compensation*

3. No member is entitled to compensation in terms of these regulations if—

(a) the event was due to the misconduct of such member;

(b) he has received or will receive compensation in terms of the Workmen's Compensation Act, 1941 (Act 30 of 1941), in respect of the same event.

*Amount of compensation payable*

4. (1) Subject to the other provisions of these regulations—

(a) a member suffering from a temporary disability shall be entitled to receive an amount which bears the same proportion to an amount calculated in accordance with formula I as the proportion which the actual number of days of temporary disability bears to a year: Provided that—

(i) such compensation shall only be payable on submission by the member concerned of a medical certificate issued by a medical practitioner showing the actual period of such temporary disability;

(ii) a temporary disability which lasts longer than 18 months may at the discretion of the Secretary be deemed a disability of a permanent nature;

(b) no compensation shall be payable to a member in respect of the first three days of disability of a temporary nature where such disability lasts less than 14 days;

(c) a member who suffers from a permanent disability which has in terms of these regulations been determined at more than 30 per cent, shall be entitled to a pension calculated in accordance with formula I;

(d) the pension of a member to whom compensation is paid in terms of this subregulation and who has to undergo further medical treatment, may be supplemented by an amount equal to the difference between the amount paid to him and the amount of the compensation which would have been paid to him if his disability had been determined at 100 per cent;

(e) the widow or widower of a deceased member who died as a result of a disability shall be entitled to a pension calculated in accordance with formula II;

(f) every child of a deceased member who died as a result of a disability shall be entitled to a pension calculated in accordance with formula III.

(b) vergoeding aan afhanklikes van afgestorwe lede;

(c) die redelike koste van geneeskundige behandeling deur 'n gebeurtenis genoodsaak en ook enige geneeskundige of psigologiese ondersoek ingevolge hierdie regulasies;

(d) reis- en verblyf- en ander toelaes aan lede wat in opdrag van die Sekretaris voor 'n geneesheer of 'n raad van geneeshere moet verskyn in verband met die vasstelling van sy ongeskiktheid, en ook aan enigiemand wat so 'n lid noodsaaklikerwys moet vergesel;

(e) 'n toelae van hoogstens R250 vir die nodige begrafniskoste van 'n lid wat as gevolg van 'n gebeurtenis gesterf het.

*Uitsluiting van aanspreeklikheid vir vergoeding*

3. Geen lid is op vergoeding ingevolge hierdie regulasies geregtig nie indien—

(a) die gebeurtenis aan die wangedrag van so 'n lid te wyte is;

(b) hy ten opsigte van dieselfde gebeurtenis skadeloosstelling ontvang het of sal ontvang ingevolge die Ongevallewet, 1941 (Wet 30 van 1941).

*Bedrag van vergoeding betaalbaar*

4. (1) Behoudens die ander bepalings van hierdie regulasies—

(a) is 'n lid wat aan 'n tydelike ongeskiktheid ly geregtig om 'n bedrag te ontvang wat in dieselfde verhouding staan tot 'n bedrag bereken ooreenkomstig formule I as die verhouding wat die werklike aantal dae tydelike ongeskiktheid tot 'n jaar staan: Met dien verstande dat—

(i) sodanige vergoeding slegs betaalbaar is by voorlegging deur die betrokke lid van 'n mediese sertifikaat deur 'n geneesheer verstrek wat die werklike tydperk van sodanige tydelike ongeskiktheid aantoon;

(ii) 'n tydelike ongeskiktheid wat vir langer as 18 maande duur na die oordeel van die Sekretaris as 'n ongeskiktheid van 'n blywende aard beskou kan word;

(b) is geen vergoeding aan 'n lid betaalbaar ten opsigte van die eerste drie dae van ongeskiktheid van 'n tydelike aard waar sodanige ongeskiktheid vir minder as 14 dae duur nie;

(c) is 'n lid wat aan 'n blywende ongeskiktheid ly wat ingevolge hierdie regulasies op meer as 30 persent vasgestel is, geregtig op 'n pensioen wat ooreenkomstig formule I bereken word;

(d) kan 'n lid aan wie vergoeding kragtens hierdie subregulasie betaal word en wat verdere geneeskundige behandeling moet ondergaan se pensioen aangevul word met 'n bedrag gelyk aan die verskil tussen die bedrag wat aan hom betaal word en die bedrag van vergoeding wat aan hom betaal sou word as sy persentasie ongeskiktheid op 100 persent gestel was;

(e) is die weduwee of wewenaar van 'n afgestorwe lid wat weens 'n ongeskiktheid gesterf het, geregtig op 'n pensioen wat ooreenkomstig formule II bereken word;

(f) is iedere kind van 'n afgestorwe lid wat weens 'n ongeskiktheid gesterf het, geregtig op 'n pensioen wat ooreenkomstig formule III bereken word.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(2) If a member is suffering from a disability of a permanent nature which in terms of the provisions of these regulations has been determined at 30 per cent or less, he shall be paid a gratuity calculated in accordance with formula IV.

*Application for compensation*

5. (1) Any person who claims compensation, shall apply therefore on a form prescribed by the Secretary, and shall in support of the application furnish the particulars, documents and information which the Secretary deems necessary to enable him to come to a decision on such an application.

(2) An application for compensation in terms of these regulations must be submitted, within a period of 12 months from the date of an event on the form referred to in subregulation (1), to the head of civil defence of the local authority concerned of which the person was a member.

(3) The head of civil defence of the local authority concerned of which the person was a member at the time of the event, shall submit a certificate prescribed by the Secretary, together with the information referred to in subregulation (1), to the Secretary for consideration.

(4) The Secretary may, in his discretion, permit any person to submit an application on behalf of a member who claims compensation.

(5) After considering the application the Secretary shall determine the amount of any compensation to which the member or dependant is entitled.

*Determination of percentage of disability*

6. (1) In considering an application for compensation or in reviewing a pension in terms of these regulations, the disability and the degree of such disability shall be determined or redetermined by the Secretary in accordance with the directives laid down in Schedule A with regard to the percentages of disabilities.

(2) When a member has sustained a specific injury, he shall, for the purposes of these regulations, be deemed permanently disabled to the degree laid down in Schedule A and if the injury is not mentioned in the Schedule, the Secretary shall determine a degree of disability which in his opinion is not contrary to this Schedule.

(3) In the application of subregulations (1) and (2) the Secretary may require from a member whose determination of disability is under consideration, that he be examined by a medical practitioner or a board of medical practitioners designated by the Secretary.

*Payment of compensation by way of pensions*

7. (1) Pensions shall be paid monthly at the times and places and in the manner determined by the Secretary from time to time in general or in a specific case.

(2) Subject to subregulation (3)—

(a) every person shall personally receive the pension payable to him and shall furnish a receipt under his signature or mark in respect of the amount thus received;

(b) the pension may, at the request of the person concerned, be paid direct to his credit into his account with a banking institution as defined in section 1 of the Banks Act, 1965 (Act 23 of 1965), or with a building society as defined in section 1 of the Building Societies Act, 1965 (Act 24 of 1965).

(2) Indien 'n lid aan 'n ongeskiktheid van 'n blywende aard ly wat ingevolge die bepalings van hierdie regulasies op 30 persent of minder vasgestel is, word daar aan hom 'n gratifikasie betaal wat ooreenkomstig formule IV bereken word.

*Aansoek om vergoeding*

5. (1) Iemand wat op vergoeding aanspraak maak, moet daarom aansoek doen op 'n vorm deur die Sekretaris voorgeskryf en moet ter stawing van die aansoek die besonderhede, stukke en inligting verstrek wat die Sekretaris nodig ag om hom in staat te stel om oor so 'n aansoek te beslis.

(2) 'n Aansoek om vergoeding ingevolge hierdie regulasies moet binne 'n tydperk van 12 maande vanaf die datum van 'n gebeurtenis op die vorm in subregulasie (1) vermeld by die hoof van burgerlike beskerming van die betrokke plaaslike bestuur waarvan die persoon 'n lid was, ingedien word.

(3) Die hoof van burgerlike beskerming van die betrokke plaaslike bestuur waarvan die persoon 'n lid ten tyde van die gebeurtenis was, moet 'n sertifikaat deur die Sekretaris voorgeskryf tesame met die inligting in subregulasie (1) bedoel aan die Sekretaris vir oorweging voorlê.

(4) Die Sekretaris kan, na goeddunke, enigiemand toelaat om 'n aansoek namens 'n lid wat op vergoeding aanspraak maak, in te dien.

(5) Die Sekretaris moet na oorweging van die aansoek die bedrag van enige vergoeding waarop die lid of afhanklike geregtig is, bepaal.

*Bepaling van persentasie ongeskiktheid*

6. (1) By die oorweging van 'n aansoek om vergoeding of by die hersiening van 'n pensioen ingevolge hierdie regulasies, moet die ongeskiktheid en die mate van sodanige ongeskiktheid deur die Sekretaris bepaal of herbepaal word, ooreenkomstig die voorskrifte neergelê in Bylae A met betrekking tot die persentasies van ongeskikthede.

(2) Wanneer 'n lid 'n bepaalde besering opgedoen het, word hy vir die doeleindes van hierdie regulasies geag blywend ongeskik te wees tot die graad in Bylae A neergelê en as die besering nie in die Bylae genoem word nie, moet die Sekretaris 'n persentasie ongeskiktheid bepaal wat volgens sy oordeel nie teenstrydig met dié Bylae is nie.

(3) By die toepassing van subregulasies (1) en (2) kan die Sekretaris van 'n lid wie se bepaling van ongeskiktheid in oorweging is, vereis dat hy deur 'n geneesheer of 'n raad van geneeshere deur die Sekretaris aangewys, ondersoek word.

*Betaling van vergoeding by wyse van pensioene*

7. (1) Pensioene word maandeliks, op die tye en plekke en op die wyse wat die Sekretaris van tyd tot tyd in die algemeen of in 'n bepaalde geval bepaal, betaal.

(2) Behoudens subregulasie (3)—

(a) moet iedere persoon die pensioen aan hom betaalbaar, persoonlik in ontvangs neem en 'n kwitansie onder sy handtekening of merk ten opsigte van die bedrag aldus ontvang, verstrek;

(b) kan die pensioen op versoek van die betrokke persoon tot sy krediet regstreeks op sy rekening by 'n bankinstelling soos omskryf in artikel 1 van die Bankwet, 1965 (Wet 23 van 1965), of by 'n Bouvereniging soos omskryf in artikel 1 van die Bouverenigingswet, 1965 (Wet 24 van 1965), inbetaal word,

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(3) (a) If a person is unable personally to receive the pension payable to him at a post office, the pension may on submission of authorisation by him in writing and duly signed in the presence of two witnesses, be paid over to another person stated in the authorisation.

(b) An authorisation referred to in subregulation (3) (a) may be issued for a specific or indeterminate period and may at any time be cancelled by the person by whom it was granted.

(c) Notwithstanding any provisions to the contrary, the Secretary may, if he is satisfied that there is good reason for such step, order that the pension to which the authorisation refers, be not paid over to the person mentioned in the authorisation.

(d) Subregulation (2) (a) applies *mutatis mutandis* to a person to whom a pension is paid over in accordance with an authorisation referred to in subregulation (3) (a).

*Review of compensation awarded*

8. (1) The Secretary may at any time review the compensation awarded where—

(a) a substantial change in the degree of the disability of the member concerned has occurred;

(b) the compensation was obtained by fraud, misrepresentation of facts or in any other improper manner;

(c) the person receiving the compensation or in respect of whom the compensation is paid, is not entitled thereto;

(d) the disability on which the compensation is based is extended or aggrevated by the member's unreasonable refusal or deliberate failure to submit himself to medical treatment.

*Cessation date of pensions*

9. (1) A pension shall be payable in the case—

(a) of the death of a member, widow, or widower receiving a pension, up to and including the last day of the month in which such member, widow or widower dies;

(b) of a child, up to and including the last day of the month in which paragraphs (a) and (d) of the definition of 'child' no longer apply to him;

(c) where the degree of the disability of a member is determined at 30 per cent or less in terms of these regulations, up to and including the last day of the month determined by the Secretary.

(2) If any person received compensation in terms of these regulations to which he was not entitled, he or, if he dies, his estate, shall be liable to repay the sum of such compensation to the Secretary, unless the Secretary is satisfied that he received it without knowing that he was not entitled thereto.

(3) The Secretary to the Treasury may in his discretion write off the whole or any portion of a sum of money repayable in terms of this regulation, if he is satisfied that it would be uneconomical to recover such sum or that the recovery thereof would cause undue hardship.

(4) (a) If any person who receives a pension, is admitted to an institution controlled by the State and makes no contribution towards his stay or care in such institution, the Secretary may in his discretion and with effect from such date as he may determine, reduce or discontinue the pension being paid to such person.

(3) (a) Indien 'n persoon nie in staat is om die pensioen wat aan hom by 'n poskantoor betaalbaar is, persoonlik in ontvangs te neem nie, kan die pensioen by voorlegging van 'n skriftelike magtiging deur hom behoorlik in aanwesigheid van twee getuies onderteken, aan 'n ander persoon in die magtiging vermeld, uitbetaal word.

(b) 'n Magtiging in subregulasie (3) (a) bedoel, kan vir 'n bepaalde of onbepaalde tydperk uitgereik word en kan te eniger tyd deur die persoon deur wie dit verleen is, ingetrek word.

(c) Nieteenstaande andersluidende wetsbepalings, kan die Sekretaris, indien hy oortuig is dat daar goeie rede daarvoor bestaan, gelas dat die pensioen waarop die magtiging betrekking het nie aan die persoon in die magtiging vermeld, uitbetaal word nie.

(d) Subregulasie (2) (a) is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n persoon aan wie 'n pensioen ooreenkomstig 'n magtiging in subregulasie (3) (a) bedoel, uitbetaal word.

*Hersiening van toegekenne vergoeding*

8. (1) Die Sekretaris kan te eniger tyd die vergoeding wat toegeken is, hersien waar—

(a) 'n wesentlike verandering in die mate van die ongeskiktheid van die betrokke lid ingetree het;

(b) die vergoeding deur bedrog, wanvoorstelling van feite of op ander onbehoorlike wyse verkry is;

(c) die persoon wat die vergoeding ontvang of ten opsigte van wie die vergoeding betaal word, nie daarop geregtig is nie;

(d) die ongeskiktheid waarop die vergoeding berus deur die lid se onredelike weiering of opsetlike versuim om hom aan geneeskundige behandeling te onderwerp, verleng of vergroot word.

*Stakingsdatum van pensioene*

9. (1) 'n Pensioen is betaalbaar in die geval—

(a) van die dood van 'n lid, weduwee of wewenaar wat 'n pensioen ontvang, tot en met die laaste dag van die maand waarin sodanige lid, weduwee of wewenaar te sterwe kom;

(b) van 'n kind tot en met die laaste dag van die maand waarin paragrawe (a) en (d) van die omskrywing van 'kind' nie meer op hom van toepassing is nie;

(c) waar die mate van 'n lid se ongeskiktheid ingevolge hierdie regulasies op 30 persent of minder vasgestel word, tot en met die laaste dag van die maand wat die Sekretaris bepaal.

(2) Indien iemand ingevolge hierdie regulasies vergoeding ontvang het waarop hy nie geregtig is nie, is hy, of indien hy te sterwe kom, sy boedel, aanspreeklik om die bedrag van sodanige vergoeding aan die Sekretaris terug te betaal, tensy die Sekretaris oortuig is dat hy dit ontvang het sonder die wete dat hy nie daarop geregtig was nie.

(3) Die Sekretaris van die Tesourie kan na goeddunke 'n som geld wat ingevolge hierdie regulasie terugbetaal moet word, geheel en al of ten dele afskryf, indien hy oortuig is dat dit onekonomies sou wees om so 'n som te verhaal of dat verhaal daarvan buitensporige ontberings sou veroorsaak.

(4) (a) Indien iemand wat 'n pensioen ontvang, opgeneem word in 'n inrigting wat deur die Staat beheer word en geen bydrae tot sy verblyf of versorging in sodanige inrigting maak nie, kan die Sekretaris na goeddunke en met ingang van 'n datum wat hy bepaal, die pensioen wat aan so iemand betaal word, verminder of staak.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(b) Any pension reduced or discontinued in terms of paragraph (a) shall, if the person concerned is discharged from such institution aforesaid, be restored with effect from the first day of the month in which he has been so discharged.

(5) The payment of compensation to a person who is absent from the Republic for a continuous period of more than six months, shall be discontinued as from the first day of the seventh month following the month in which he left the Republic: Provided that if the Secretary, because of reasons given by such person, is of the opinion that it is equitable that the payment of such compensation should be continued or resumed, the Secretary may grant permission for the continuation or resumption of the payment of such compensation for the period or periods and subject to the conditions determined by him.

*Medical treatment and medical examinations of members*

10. (1) If the Secretary is of the opinion that it is necessary or desirable that a member receive further or continued medical treatment or undergo examination for the purpose of determining such member's disability the Secretary may direct that the member be so treated or examined and may also authorise the admission of the member to a hospital or other institution and may authorise the costs in connection therewith as compensation under these regulations.

(2) If a member, after being directed thereto in terms of subregulation (1), refuses to submit to medical treatment or examination, the Secretary may direct that—

(a) if the member's application for compensation has not yet been finalised, the application be not finalised;

(b) if compensation has already been granted to the member, the compensation or such part thereof as the Secretary may determine, be withheld;

until he submits to such treatment or examination.

(3) Compensation in respect of medical treatment shall be made in accordance with the tariff as laid down from time to time in terms of section 30 (10) of the Medical Schemes Act, 1967 (Act 72 of 1967), and no amount in excess of the costs laid down by that tariff, or if no costs are thus determined, no amount in excess of the costs deemed equitable by the Secretary, may be recovered from the member or the State in respect of such medical treatment.

*Appeal board*

11. (1) The Minister shall appoint, according to the nature of an appeal, an appeal board consisting of not fewer than three persons in order to consider any appeal in terms of regulation 12 (1).

(2) The appeal board shall consider all appeals submitted in terms of these regulations and may direct that a medical or psychological examination of the appellant be carried out by a medical practitioner nominated by the board and that the board be furnished with a report on such examination, which shall be taken into account in considering the appeal, and may take any steps to enable it to decide the appeal.

(3) The appeal board may confirm or set aside any decision of the Secretary against which an appeal is lodged, and may give a new decision.

(b) 'n Pensioen wat kragtens paragraaf (a) verminder of gestaak is, word indien die betrokke persoon uit sodanige vermelde inrigting ontslaan word, met ingang van die eerste dag van die maand waarin hy aldus ontslaan is, herstel.

(5) Die betaling van vergoeding aan iemand wat vir 'n ononderbroke tydperk van meer as ses maande uit die Republiek afwesig is, word gestaak vanaf die eerste dag van die sewende maand wat volg op die maand waarin hy die Republiek verlaat het: Met dien verstande dat indien die Sekretaris op grond van redes deur so iemand aangevoer, van oordeel is dat dit billik is dat die betaling van daardie vergoeding voortgesit of hervat word, die Sekretaris toestemming kan verleen dat die betaling van daardie vergoeding voortgesit of hervat kan word vir die tydperk of tydperke en onderworpe aan die voorwaardes wat hy bepaal.

*Geneeskundige behandeling en mediese ondersoeke van lede*

10. (1) Indien die Sekretaris van oordeel is dat dit nodig of wenslik is dat 'n lid verdere of voortgesette geneeskundige behandeling moet ontvang of 'n ondersoek moet ondergaan ten einde sodanige lid se ongeskiktheid te bepaal, kan die Sekretaris gelas dat die lid aldus behandel of ondersoek word en kan hy ook die opname van die lid in 'n hospitaal of ander inrigting magtig en die koste daaraan verbonde as vergoeding ingevolge hierdie regulasies magtig.

(2) Indien 'n lid, nadat hy ingevolge subregulasie (1) daartoe gelas is, weier om hom aan geneeskundige behandeling of ondersoek te onderwerp, kan die Sekretaris gelas dat—

(a) indien die lid se aansoek om vergoeding nog nie afgehandel is nie, die aansoek nie afgehandel word nie;

(b) indien vergoeding reeds aan die lid toegestaan is die vergoeding of die gedeelte daarvan wat die Sekretaris bepaal, teruggehou word;

totdat hy hom aan sodanige behandeling of ondersoek onderwerp het.

(3) Vergoeding ten opsigte van geneeskundige behandeling geskied ooreenkomstig die tarief soos van tyd tot tyd kragtens artikel 30 (10) van die Wet op Mediese Skemas, 1967 (Wet 72 van 1967), neergelê en geen groter bedrag as die koste by daardie tarief neergelê of as geen koste aldus vasgestel is nie, geen groter bedrag as die koste wat die Sekretaris billik ag, kan ten opsigte van sodanige geneeskundige behandeling op die lid of Staat verhaal word nie.

*Appèlraad*

11. (1) Die Minister stel na gelang van die aard van 'n appèl 'n appèlraad aan wat uit minstens drie persone bestaan, ten einde enige appèl ingevolge regulasie 12 (1) te oorweeg.

(2) Die appèlraad oorweeg alle appèlle ingevolge hierdie regulasies ingedien en kan gelas dat 'n mediese of psigologiese ondersoek op die appellant deur 'n geneesheer deur die raad benoem, uitgevoer word en dat die raad van 'n verslag oor sodanige ondersoek voorsien word wat by die oorweging van die appèl in aanmerking geneem word, en kan enige stappe doen om oor die appèl te kan beslis.

(3) Die appèlraad kan enige beslissing van die Sekretaris waarteen geappelleer is, bekragtig of omverwerp en 'n nuwe beslissing maak.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(4) The time and venue for the consideration of an appeal in terms of regulation 12, shall be determined by the Secretary in consultation with the appeal board and the appellant concerned shall be advised thereof.

(5) The Secretary shall, with the concurrence of the Secretary to the Treasury, determine the remuneration to be paid to members of the appeal board.

*Right of appeal*

12. (1) Subject to the other provisions of these regulations, any person who receives compensation or lays claim to compensation and who feels aggrieved by any decision of the Secretary, may lodge an appeal against such decision with the appeal board referred to in regulation 11 (1).

(2) An appeal in terms of subregulation (1) shall—

(a) be lodged in writing with the Secretary within three months after notification of the decision concerned to the appellant: Provided that the said period of three months may be extended by the appeal board at its discretion;

(b) contain the complete grounds of appeal;

(c) be accompanied by such documents as the appellant desires to submit.

(3) The Secretary shall as soon as practicable submit the required particulars together with all documents in his possession relating to the appellant, to the appeal board for consideration.

*Notice to appear before the appeal board*

13. (1) The Secretary may give notice to any person who has information relating to an appeal, to appear before the appeal board for the purpose of testifying or of submitting to the said appeal board any relevant book, note or document.

(2) A notice referred to in subregulation (1) shall be forwarded to the appellant or witness, as the case may be, at his latest known address to reach him at least 14 days prior to the date stipulated in regulation 11 (5).

(3) The Secretary shall, with the concurrence of the Secretary to the Treasury, determine the remuneration to be paid to a witness appearing before the appeal board in connection with the consideration of an appeal.

*Compensation may not be ceded and is not liable to attachment*

14. (1) No compensation payable under these regulations, and no right in respect of such compensation, shall be capable of being assigned or transferred or otherwise ceded or pledged or hypothecated, save as is provided in section 11 (2) of the Maintenance Act, 1963 (Act 23 of 1963), or be liable to attachment or subject to any form of execution under a judgment or order of a court of law.

(2) If any person attempts to assign or transfer or otherwise cede or pledge or hypothecate any compensation to which he is entitled, payment of such compensation may be withheld, suspended or discontinued.

(3) Notwithstanding subregulation (1), any amount which is owing by a person to the State, may be recovered in a lump sum or in such instalments as the Secretary may determine, from the compensation payable to such a person in terms of these regulations.

(4) Die tyd en plek vir die oorweging van 'n appèl ingevolge regulasie 12 word deur die Sekretaris na oorlegpleging met die appèlraad bepaal en aan die betrokke appellant verstrek.

(5) Die Sekretaris bepaal met die instemming van die Sekretaris van die Tesourie, die vergoeding wat aan lede van die appèlraad betaal word.

*Reg van appèl*

12. (1) Behoudens die ander bepalings van hierdie regulasies, kan iemand wat vergoeding ontvang of op vergoeding aanspraak maak en wat hom veronreg voel deur enige beslissing van die Sekretaris, by die appèlraad in regulasie 11 (1) bedoel, appèl teen sodanige beslissing aanteken.

(2) 'n Appèl ingevolge subregulasie (1) moet—

(a) skriftelik by die Sekretaris binne drie maande nadat die appellant van die betrokke beslissing in kennis gestel is, aangeteken word: Met dien verstande dat die bedoelde tydperk van drie maande na goeddunke deur die appèlraad verleng kan word;

(b) die volledige gronde waarop geappelleer word, bevat;

(c) vergesel wees van die stukke wat die appellant wil voorlê.

(3) Die Sekretaris lê die vereiste besonderhede tesame met alle dokumente in sy besit en wat op die appellant betrekking het, so gou doenlik aan die appèlraad vir oorweging voor.

*Kennisgewing om voor die appèlraad te verskyn*

13. (1) Die Sekretaris kan enige persoon wat oor inligting beskik wat op 'n appèl betrekking het, kennis gee om voor die appèlraad te verskyn om getuienis af te lê of om enige tersaaklike boek, aantekening of dokument, aan bedoelde appèlraad voor te lê.

(2) 'n Kennisgewing in subregulasie (1) bedoel, word versend aan die appellant of getuie, na gelang van die geval, by sy jongste bekende adres om hom te bereik minstens 14 dae voor die datum in regulasie 11 (5) bepaal.

(3) Die Sekretaris met die instemming van die Sekretaris van die Tesourie, bepaal die vergoeding wat aan 'n getuie wat voor die appèlraad verskyn in verband met die oorweging van 'n appèl, betaal word.

*Vergoeding kan nie gesedeer word nie en is nie vir beslaglegging vatbaar nie*

14. (1) Geen vergoeding betaalbaar kragtens hierdie regulasies, en geen reg ten opsigte van sodanige vergoeding, kan oorgemaak of oorgedra of andersins gesedeer of verpand of verhipotekeer word nie of is, behalwe soos in artikel 11 (2) van die Wet op Onderhoud, 1963 (Wet 23 van 1963), bepaal, vir beslaglegging vatbaar of aan enige vorm van eksekusie ingevolge 'n vonnis of bevel van 'n geregshof, onderhewig nie.

(2) Indien iemand poog om enige vergoeding waarop hy geregtig is of 'n reg tot sodanige vergoeding oor te maak of oor te dra of andersins te sedeer of te verpand of te verhipotekeer, kan betaling van sodanige vergoeding weerhou, opgeskort of gestaak word.

(3) Nieteenstaande subregulasie (1) kan 'n bedrag wat deur iemand aan die Staat verskuldig is, in 'n enkele bedrag of in paaiemente wat die Sekretaris bepaal, van die vergoeding wat aan so iemand kragtens hierdie regulasies betaalbaar is, verhaal word.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Effect of insolvency*

15. If the estate of any person who receives compensation in terms of these regulations is sequestrated, such compensation shall not form part of the assets in his insolvent estate.

*Administration of payment of compensation*

16. If the Secretary is satisfied that it is undesirable for any reason to pay the whole amount of compensation payable in terms of these regulations direct to the person entitled thereto, the Secretary may direct that such compensation or a portion thereof be paid to some other person on such conditions as to its administration for the benefit of such first-mentioned person or his dependants as the Secretary may determine.

*Administration of regulations*

17. The Secretary may delegate any of his powers or duties under these regulations to an officer in his Department.

*Short title*

18. These regulations shall be called the Civil Defence Regulations relating to Compensation for Physical Injuries, Death and Disability".

*Gevolge van insolvensie*

15. Indien die boedel van iemand wat kragtens hierdie regulasies vergoeding ontvang, gesekwestreer word, maak sodanige vergoeding nie deel van die bates in sy insolvente boedel uit nie.

*Beheer oor die betaling van vergoeding*

16. Indien die Sekretaris oortuig is dat dit om die een of ander rede onwenslik is om die hele bedrag van vergoeding wat kragtens hierdie regulasies betaalbaar is, regstreeks aan die persoon wat daarop geregtig is, te betaal, kan die Sekretaris gelas dat daardie vergoeding of 'n gedeelte daarvan aan iemand anders betaal word op die voorwaardes wat betref die beheer daarvan ten bate van eersgenoemde persoon of sy afhanklikes wat die Sekretaris bepaal.

*Uitvoering van regulasies*

17. Die Sekretaris kan enige van sy bevoegdhede of pligte ingevolge hierdie regulasies aan 'n beampte in sy Departement delegeer.

*Kort titel*

18. Hierdie regulasies heet die Burgerlikebeskermingsregulasies betreffende Vergoeding vir Liggaamlike Beserings, Dood en Ongeskiktheid".

SCHEDULE A

| Item No. | Specific injury or disability | Percentage of disablement | |
|---|---|---|---|
| | *Upper limbs* | | |
| | *Notes.*—(a) Stump measurements shall be taken as follows:<br>(i) Upper arm: With stump hanging down by the side, measure in a straight line from tip of acromion to the end of the bone which is palpable beneath the skin or scar tissue.<br>(ii) Forearm: With stump flexed to a right angle, measure in a straight line from tip of olecranon to the end of the bone which is palpable beneath the skin or scar tissue.<br>(b) In the case of members who are certified to be left-handed the relevant determination shown below for right and left arms, respectively, shall be transposed. | | |
| 1 | Loss of both hands or of all fingers and both thumbs | 100 | |
| | | Right arm | Left arm |
| 2 | Amputation of arm at shoulder joint | 90 | 80 |
| 3 | Amputation of arm with stump less than 20 centimetres from tip of acromion | 80 | 70 |
| 4 | Amputation of arm anywhere between a point 20 centimetres from tip of acromion and a point less than 11 centimetres distal to tip of olecranon | 70 | 60 |
| 5 | Amputation of arm at point 11 centimetres or more distal to tip of olecranon, or loss of all fingers and thumb of one hand | 60 | 50 |
| 6 | Loss of all phalanges of thumb or four fingers of one hand | 40 | 30 |
| 7 | Loss of all phalanges of three fingers | 30 | 20 |
| 8 | Loss of all phalanges of two fingers | 20 | 20 |
| | *Lower limbs* | | |
| | *Notes.*—(a) Stump measurements shall be taken as follows:<br>(i) Above knee: Measure from tip of great trochanter in a straight line over outer aspect of stump to end of bone which is palpable beneath the skin or scar tissue.<br>(ii) Below knee: With knee flexed measure from anterior edge of upper articular surface of the tibia in a straight line over inner aspect of stump to the end of the tibia (not the fibula) which is palpable beneath the skin or scar tissue.<br>(b) In order to determine middle thigh level in unilateral thigh amputations, the length of the sound femur shall be the criterion. | | |
| 9 | Loss of both feet | 100 | |
| 10 | Amputation at hip or below hip with stump not exceeding 13 centimetres measured from tip of great trochanter | 80 | |
| 11 | Amputation below hip with stump exceeding 13 centimetres measured from tip of great trochanter but not beyond middle thigh | 70 | |
| 12 | Amputation anywhere between middle thigh and 10 centimetres below knee | 60 | |
| 13 | Amputation of leg with stump exceeding 10 centimetres below knee | 50 | |
| 14 | Modified Syme amputation | 40 | |
| 15 | Loss of all toes of both feet proximal to the proximal interphalangeal joint | 30 | |
| 16 | Loss of all toes of one foot proximal to the proximal interphalangeal joint or loss of all toes of both feet distal to the proximal interphalangeal joint | 20 | |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



| Item No. | Specific injury or disability | Percentage of disablement |
|---|---|---|
| | *Defective vision* | |
| 17 | Total loss of sight | 100 |
| 18 | Loss of one eye | 50 |
| 19 | Total loss of vision in one eye | 40 |
| | *N.B.*—In cases of partial loss of vision the visual acuity shall be determined after correction with glasses. | |
| | *Defective hearing* | |
| 20 | Total deafness | 100 |
| 21 | Total deafness in one ear | 20 |
| | *Facial disfigurements* | |
| 22 | Very servere facial disfigurement rendering the member incapable of mixing with the public | 100 |
| 23 | Severe facial disfigurement rendering employment in contact with the public impossible | 80 |
| | *Other disabilities* | |
| 24 | Wounds, injuries or diseases resulting in the member being permanently bedridden or totally disabled | 100 |
| 25 | Total loss of speech | 80 |
| 26 | Loss of both testicles | 70 |
| 27 | Loss of a kidney | 30 |
| 28 | Loss of one testicle | 20 |
| | *Combination of certain disabilities* | |
| 29 | Loss of any two limbs | 100 |
| 30 | Loss of an arm and an eye | 100 |
| 31 | Loss of a leg and an eye | 100 |
| 32 | Loss of a hand and a foot | 100 |

*Notes:*

(a) The determination of the degree of disablement in respect of disabilities not specified in this Schedule shall be on the basis of physical or mental incapacitation only and shall be made by comparison with a normally healthy person of the same age and sex, without regard to loss of earning capacity in any particular occupation.

(b) No combination of disabilities shall be deemed to exceed 100 per cent disablement.

## BYLAE A

| Item No. | Bepaalde besering of ongeskiktheid | Graad van ongeskiktheid (persentasie) | |
|---|---|---|---|
| | *Boonste ledemate* | | |
| | *Opmerkings.*—(a) Stompmetings moet soos volg gedoen word:<br>(i) Bo-arm: Met stomp in 'n hangende posisie langs die sy, meet in 'n reguit lyn van die punt van die akromion tot aan die end van die been wat onder die vel of littekenweefsel voelbaar is.<br>(ii) Voorarm: Met stomp gebuig tot 'n reghoek, meet in 'n reguit lyn van die punt van die olekranon tot aan die end van die been wat onder die vel of littekenweefsel voelbaar is.<br>(b) In die geval van lede wat gesertifiseer is links te wees, moet die toepaslike bepaling hieronder aangetoon vir onderskeidelik regter- en linkerarms, omgeruil word. | | |
| 1 | Verlies van albei hande of van al die vingers en albei duime | 100 | |
| | | Regterarm | Linkerarm |
| 2 | Afsetting van arm by skouergewrig | 90 | 80 |
| 3 | Afsetting van arm met stomp van minder as 20 sentimeter van punt van die akromion | 80 | 70 |
| 4 | Afsetting van arm op enige plek tussen 20 sentimeter van die punt van die akromion en 'n plek minder as 11 sentimeter weg van die punt van die olekranon | 70 | 60 |
| 5 | Afsetting van arm op 'n plek 11 sentimeter of meer weg van die punt van die olekranon, of verlies van al die vingers en duim van een hand | 60 | 50 |
| 6 | Verlies van al die litte van die duim of van vier vingers van een hand | 40 | 30 |
| 7 | Verlies van al die litte van drie vingers | 30 | 20 |
| 8 | Verlies van al die litte van twee vingers | 20 | 20 |
| | *Onderste ledemate* | | |
| | *Opmerkings.*—(a) Stompmetings moet soos volg gedoen word:<br>(i) Bo die knie: Meet in 'n reguit lyn oor die buitekant van die stomp van die punt van die groot trokanter tot aan die end van die been wat onder die vel of littekenweefsel voelbaar is.<br>(ii) Onder die knie: Meet met die knie gebuig, in 'n reguit lyn van die voorkant van boonste gewrigsoppervlak van die tibia oor die binnekant van die stomp tot aan die end van die tibia (nie die fibula nie) wat onder die vel of littekenweefsel voelbaar is.<br>(b) Ten einde die middelpunt van die dy in eensydige dyafsetting te bepaal, moet die lengte van die gesonde femur as maatstaf gebruik word. | | |
| 9 | Verlies van albei voete | 100 | |
| 10 | Afsetting by heup of onder die heup met 'n stomp van nie langer as 13 sentimeter nie, gemeet van die punt van die groot trokanter | 80 | |
| 11 | Afsetting van onder die heup met 'n stomp langer as 13 sentimeter, gemeet van die punt van die groot trokanter, maar nie onder die middelpunt van die dy nie | 70 | |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



| Item No. | Bepaalde besering of ongeskiktheid | Graad van ongeskiktheid (persentasie) |
|---|---|---|
| 12 | Afsetting op enige plek tussen die middelpunt van die dy en 10 sentimeter onder die knie | 60 |
| 13 | Afsetting van been met 'n stomp van meer as 10 sentimeter onder die knie | 50 |
| 14 | Gewysigde Syme-afsetting | 40 |
| 15 | Verlies van al die tone aan albei voete proksimaal aan die proksimale tussenlit | 30 |
| 16 | Verlies van al die tone van een voet proksimaal aan die proksimale tussenlit of verlies van al die tone van albei voete weg van die proksimale tussenlit | 20 |
| | *Gesigsverlies* | |
| 17 | Algehele verlies van gesig | 100 |
| 18 | Verlies van een oog | 50 |
| 19 | Algehele verlies van gesig van een oog | 40 |
| | *Let wel.*—In gevalle van gedeeltelike verlies van gesig word die gesigskerpheid vasgestel na verbetering met 'n bril. | |
| | *Swak gehoor* | |
| 20 | Algehele doofheid | 100 |
| 21 | Algehele doofheid in een oor | 20 |
| | *Gelaatsverminking* | |
| 22 | Uiters ernstige gelaatsverminking wat dit vir die lid onmoontlik maak om met die publiek om te gaan | 100 |
| 23 | Ernstige gelaatsverminking wat diens in aanraking met die publiek onmoontlik maak | 80 |
| | *Ander ongeskikthede* | |
| 24 | Wonde, beserings of siektes ten gevolge waarvan die lid blywend bedlêend of algeheel ongeskik is | 100 |
| 25 | Algehele spraakverlies | 80 |
| 26 | Verlies van albei teelballe | 70 |
| 27 | Verlies van 'n niet | 30 |
| 28 | Verlies van een teelbal | 20 |
| | *Kombinasie van sekere ongeskikthede* | |
| 29 | Verlies van enige twee ledemate | 100 |
| 30 | Verlies van 'n arm en 'n oog | 100 |
| 31 | Verlies van 'n been en 'n oog | 100 |
| 32 | Verlies van 'n hand en 'n voet | 100 |

*Opmerkings:*

(a) Die bepaling van die graad van ongeskiktheid ten opsigte van gebreke nie in hierdie Bylae vermeld nie geskied alleenlik op die grondslag van liggaamlike of geestesongeskiktheid, en in vergelyking met 'n normale gesonde persoon van dieselfde ouderdom en geslag, sonder inagneming van verlies van verdienvermoë in enige besondere beroep.

(b) Geen kombinasie van gebreke word geag 100 persent ongeskiktheid te oorskry nie.


## AGROCHEMOPHYSICA

This publication is a continuation of the South African Journal of Agricultural Science Vol. 1 to 11, 1958-1968 and deals with Biochemistry, Biometry, Soil Science, Agricultural Engineering, Agriculutural Meteorology and Analysis Techniques. Four parts of the journal are published annually.

Contributions of scientific merit on agricultural research are invited for publication in this journal. Directions for the preparation of such contributions are obtainable from the Director, Agricultural Information, Private Bag X144, Pretoria, to whom all communications in connection with the journal should be addressed.

The journal is obtainable from the above-mentioned address at R1,50 per copy or R6 per annum, post free (Other countries R1,75 per copy or R7 per annum).

Sales tax must accompany inland orders.

## AGROCHEMOPHYSICA

Hierdie publikasie is 'n voortsetting van die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Landbouwetenskap Jaargang 1 tot 11, 1958 1968 en bevat artikels oor Biochemie, Biometrika, Grondkunde, Landbou-ingenieurswese, Landbouweerkunde en Ontledingstegnieke. Vier dele van die tydskif word per jaar gepubliseer.

Verdienstelike landboukundige bydraes van oorspronklike wetenskaplike navorsing word vir plasing in hierdie tydskrif verwelkom. Voorskrifte vir die opstel van sulke bydraes is verkrygbaar van die Direkteur, Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria, aan wie ook alle navrae in verband met die tydskrif gerig moet word.

Die tydskrif is verkrygbaar van bogenoemde adres teen R1,50 per eksemplaar of R6 per jaar, posvry (Buitelands R1,75 per eksemplaar of R7 per jaar).

Verkoopbelasting moet by binnelandse bestellings ingesluit word.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## CONTENTS


| No. | | Page No. | Gazette No. |
|---|---|---|---|
| **Social Welfare and Pensions, Department of** | | | |
| *Government Notice* | | | |
| R. 2461 | Civil Defence Act (67/1977): Promulgation of regulations | 1 | 6244 |


## INHOUD


| No. | | Bladsy No. | Staatskoerant No. |
|---|---|---|---|
| **Volkswelsyn en Pensioene, Departement van** | | | |
| *Goewermentskennisgewing* | | | |
| R. 2461 | Wet op Burgerlike Beskerming (67/1977): Afkondiging van regulasies | 1 | 6244 |


Printed by and obtainable from The Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001

Gedruk deur en verkrygbaar by Die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001